

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG
(Jaargang 19 - nr. 33)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

18 Augustus 2019

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

EREDIENS VANOGGEND: Dr. Petrus Venter (Nagmaal en Nabetracting)

Voorsang:

Ps.66 :1,8

Ontmoetingsdiens:

Votum en seën

Sing: Ps. 146:1,6

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: Ps. 19:4,6

Gebed

Woorddiens:

Sing: Sb. 15-8(44):3

Skriflesing: Matteus 13:1-23

Teks: Matteus 13:11

Preektema:

Die vier "hartkamers" rondom Nagmaal

Nagmaalsformulier

Ps. 23:3

Ps. 116...

Nagmaalviering

Nabetracting

Bou voort op die vierde hartkamer

Lofverheffing

Antwoorddiens:

Liefdesdiens kollekte: In die banke- DVB

By die deure- Pensioenversterker

Sing: Sb.10-2 (28b) Onse Vader

Wegsturseën

Preekskets vóór Nagmaal

Soos die hart vier hartkamers het, so het hierdie eerste gelykenis wat Jesus ons vertel ook vier geheimenisse, vier verborgenhede. Laat ons vóór die Nagmaal na drie van hierdie verborgenhede kyk en direk ná die Nagmaal kyk ons na die laaste een.

In die eerste hartkamer lê die verborgenheid van die ongelooft. So begin hierdie gelykenis - *"n Saaier het eendag gaan saai. Met die saai het 'n deel van die saad op die pad geval, en 4 die voëls het gekom en dit opgepik.*

Nabetracting

Mag dit ook van u gesê word, dat die Heilige Gees nog altyd besig is om jou hart sag te maak dat die saad wat gesaai word in sagte grond sal val. Ja, dat ons alles doen tot eer van God, ook as dit gaan om die vrugte van bekering, om die vrugte van geloof, ook ná hierdie Nagmaal gaan dit om die vrugte van volharding. Mag ons die saad nie op die harde pad, in die oppervlakkige grond, tussen die klomp onkruid laat nie, maar mag u geheim ons geheim wees, om te mag antwoord, ek weet, ja ek weet waar God se saad in my lewe val.

KOLLEKTES

Vandag: 18 Augustus 2019

- In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Pensioen versterker**

Sondag: 25 Augustus 2019

- In die banke: **Dorka Susters** By die deure: **Emeritaats Fonds**

WYK - DIENSBEURT

Vandag – 18 Aug 2019 – **Wyk 5**

- **Ouderling:** Vakant
- **Diaken:** Br. Dawie Schoeman
- **Wyksusters:** Sr. Estea du Plessis

Volgende week – 25 Augustus 2019 - **Wyk 6**

- **Ouderling:** Br. Lukas Potgieter
- **Diaken:** Br. Michiel Burger
- **Wyksusters:** Sr. Mientjie Burger

MEELEWING

- Ons dink in besonder in ons gebede aan sr. Marie Fourie. Ons bid dat die Here haar elke dag naby sal wees en sal versterk.
- Ons is dankbaar om te verneem dat sr. Bettie Snyman wat 'n pynblok in haar rug moes ontvang dit op die vroeë stadium lyk 'n sukses te wees.
- Br Hannes Viljoen het gevra dat ons sal dink aan naby mense aan hulle waar die seun in die Kongo deur rebelle-magte gevang is en hulle dreig om hom tereg te stel as daar nie aan sekere voorwaardes voldoen word nie. Mag daar vir die man uitkoms wees.
- Baie sterkte aan sr. Marina Reinecke met die herstel proses wat 'n knie besering opgedoen het.

VERJAARSDAE

Dinsdag 20 Aug. Sr. Sonja Viljoen
Donderdag 22 Aug. Sr. Hettie Booyens
Saterdag 24 Aug. Sr. Bettie Snyman
Sondag 25 Aug. Sr. Hanna Schoeman

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus hierdie week se nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

BEROEPE ONTVANG

BEROEPE AANVAAR

OMGEWINGSPITKOS

Ons mense se tergende aanhou dieetstryd ter wille van 'n gesonde en voluit lewe, se vele rate moet na al die jare nog maar met 'n knypie sout bejeen word. Die aanvul van allerlei mineraaltekorte van die liggaamlike gestel hetsy deur pil of sap, kwel geleerdes nou al vir jare. Sout se belang om die lewe met smaak op te kikker en sy bewaring van verderf, was so erg dat Romeinse soldate daarmee betaal is. Vandaar ons salaris se herkoms van die Latynse 'sal' wat sout beteken. Oud Semitiese gebruike van sout het 'n sterk simboliese inslag van vervloeking (Sef 2:9), onvrugbaarheid (Rigt 9:45), trousweer (Esra 4:14) en verbondsluiting (Num 18:19, 2 Kron 13:5) gehad. Eredienste se reukwerk (wierook) moes ook sout bevat.

KATEGESE

Geen katkisasie vandag. Al die werk en ons roosters is wel op ons webwerf gelaai onder katkisasie. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Daar sal geen Hoërskool kategese Maandag wees nie. Dr. Petrus is in Pretoria vir radio-opnames.

DIAKENS

DORKAS- SUSTERS

Huis Jan Vorster-mandjie – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie voor in die portaal geplaas word. Hulle ondervind die laaste tyd veral 'n tekort aan doeke. Die inwoners het ook hulle hartlike dank uitgespreek vir dit wat alreeds geskenk is.

VERGADERING: Susters vergadering Sondag 18 Aug 2019 direk na Kerk

BYBELSTUDIE

Bybelstudie staan oor vir hierdie week. Dr. Petrus is in Pretoria vir radio-opnames by PretoriaFM.

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons tee-drink lokaal na die erediens.

GEMEENTEKAMP

Merk die datum: 3 tot 5 April 2020

STEAK-ETE

Volgende steak-ete is 4 Oktober 2019 aangebied deur wyke 1-4

VOERTUIG TE KOOP

Die Kerkraad het besluit om ons gemeentervoertuig, 2008 Toyota Hilux 2.7 Petrol D/C VVTI 4x2 183 000km, te koop aan te bied. Die bakkie sal deur 'n tenderproses verkoop word. As u die bakkie wil koop kan u die bedrag wat u aanbied skriftelik by die Kerkkantoor inhandig of u aanbod per epos na admin@gksa-postmasburg.co.za stuur. Die sluitingsdatum vir tenders is Vrydag 23 Aug 2019. Die voertuig sal adverteer word vir R160 000.00

JEUG: GK Griekwaland-Wes Jeugtoerusting Kamp

Klassis Griekwaland-Wes rig 'n uitnodiging aan die jeug om die jaarlikse Jeugkamp by te woon.

Wanneer: 23-25 Augustus 2019

Waar: Pro Regno kampterrein Barkly-Wes

Tema: Soldaat vir Christus.

Kostes: R250.00

**Hope pret en pitkos ook vir jou geestelike groei! Kom en ontdek self!
Moenie jou vriende uit ander kerke vergeet nie ! Maak nuwe maats saam met hulle.**

NAGMAAL

Nagmaal: 18 Augustus 2019

Wyke 1 – 4 is aan diens.

KERMIS

Daar is nog baie rou vleis en wors beskikbaar by die kerkkantoor vir verkope

VAN DIE KERKRAADSTAFEL

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

In Augustus wil die predikant graag wyke 1 en 2 besoek. Hy sal u kontak om afspraak vas te maak.

HUISBESOEKE DEUR DIE OUDERLINGE

VERGADERINGS:

Verslag van die Finansiële Kommissie

Van die kommissie se kant af wil ons u graag bedank vir u bydraes en ons doen 'n beroep op lidmate om so vol te hou. U is welkom om met enige lid van die finansiële kommissie te skakel indien u navrae het.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg
E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za
Tel: 053 313 3710
Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571
Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae 09h00 - 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampste	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter:Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster			
Orrelis			
Kassiere	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	34
Bydrae: Sustentasië GKSA	R 614.00
Bydrae: Diens van barmhartigheid	R 783.60

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za